**Skriflesing:** Johannes 13:33; 36-38
Johannes 14:1-14
**Tema:** Hemelvaart herinner ons aan ons wenstreep en wedloop.

Almal weet waaroor Kersfees, Goeie Vrydag, Paassondag en Pinkster gaan. Heelwat mense weet nie werklik wat die betekenis van die hemelvaart van Jesus Christus is nie.

In Johannes 14 vind ons iets van hoe die ons Jesus se hemelvaart behoort te verstaan. Ons vind hier ook ‘n oproep om oor te gaan tot aksie.

Jesus kondig aan dat Hy weggaan. Hierdie skeiding is vir die dissipels onaanvaarbaar. Hulle het dan alles verlaat om Jesus te volg. Hy was vir hulle alles. As Hy nou weggaan, wat sal van hulle word?

In die lig hiervan kan ‘n mens dan ook Petrus se reaksie in Johannes 13:37 verstaan. Hy is bereid om te sterf, solank hy net nie van Jesus geskei word nie.

Jesus se reaksie hierop, naamlik dat Petrus Hom sal verloën, het bygedra tot die dissipels se ontsteltenis. Want ewe skielik het hulle besef dat hier iets finaal gaan gebeur, iets waaraan hulle niks kan doen nie.

Die afskeid van Jesus is nie triestig en finaal soos ‘n gewone afskeid is nie. Sy afskeid is nie ‘n koue weggaan van sy volgelinge nie, al dink die dissipels so. Wat na ‘n ramp lyk is eintlik ‘n baie groot seën. Jesus se weggaan is gevul met belofte en verwagting.

Ons is nie Jesus nie kwyt as gevolg van sy hemelvaart nie. Sy hemelvaart is nie ‘n einde nie. Dit is ‘n nuwe begin, tot voordeel van ons almal.
Jesus het aarde toe gekom om in ons plek vir ons sondes te kom sterf. Hy het opgestaan as bewys dat Hy ons sonde en dood oorwin het. Hy het opgevaar na die hemel waar Hy nou wat doen? Een van die goed waarmee Jesus nou besig is, lees ons in Joh 14:2-3: “2In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei. 3En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.”

Ons lees in Openbaring meer van hierdie oorwinning waarheen ons as sy kinders oppad is. In die huis van die Vader is daar geen sonde of gevolge van sonde meer nie. In sy huis is geen trane, geen siekte, geen dood, geen droefheid, geen eensaamheid of geen gejaag meer nie.
Daar is geen vrae sonder antwoorde nie. Daar is geen vals noot in die lofliedere nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan. God het alles nuut gemaak.
Omdat Jesus ons so liefhet, gaan Hy na die Vader toe om te sorg dat ons eendag hierdie volmaakte onbeperkte lewe by God as geskenk sal ontvang.

Kinders van die Here is oppad na hierdie hemelse wenstreep. Wanneer ons plek in Vaderhuis reg is, sal die Here terugkom en ons kom haal om by Hom te wees.
In Filippense 1:23 skryf Paulus dat niks beter en lekkerder as dit kan wees nie.

Daarom is dit belangrik dat Thomas se vraag ook ons vraag sal wees. Hoe weet ek op die regte regte pad oppad na die wenstreep is?

In die bekende Johannes 14:6 sê Jesus dat Hy nie net die weg wys nie. Hy is die weg, waarheid en die lewe. Hy is die pad wat ons in geloof moet volg oppad na wenstreep. Wie glo in Jesus Christus, het nou reeds die ewige lewe. (Johannes 3:36) My en jou sonde is reeds vergewe. Ek en jy hardloop as nou as verlostes.

Ek en jy sal eendag die dood en graf oorwin, omdat Jesus dit vir ons en voor ons gedoen het. Ek en jy sal eendag by die Vader kan wees, omdat Jesus reeds vir ons daarheen gegaan het.

Maar nou is dit ook so dat die die boodskap van Hemelvaart nie maar net mag wees om te sit en verlang dat Hy ons kom haal nie.

Die hemelvaart van Jesus het ons wag radikaal verander. Dit is nie 'n passiewe wag nie. Dit is 'n aktiewe wag terwyl ons hardloop in die geloofswedloop. Hoe lyk ons wedloop vandag?

Een van die dinge wat Jesus op aarde kom doen het was om God sigbaar in die wêreld te maak. Hy sê: "wie my sien, sien die Vader" en "wat Ek gesê het, is dit wat die Vader ook sê." Jesus het vir ons kom wys hoe God lyk en ons kom leer wat Hy van ons verwag.

En nou verseker Jesus ons: "omdat Ek na die Vader toe gaan, sal julle nog groter dinge as ek doen."
Groter dinge is nie kragtiger dinge nie. Hy het self uit die dood opgestaan en ander uit die dood opgewek. Niks kan kragtiger as dit wees nie. Die "groter" verwys daarom waarskynlik nie na groter krag nie, maar na 'n groter omvang. Toe Jesus op aarde was was Sy bediening beperk tot die ruimte waar Hy beweeg het.
Maar ná Sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees gaan die evangelie, nou deur my en jou, die hele wêreld in.

Hierdie groter dinge is dat ek en jy nou in ons geloofswedloop moet voortsit dit wat Jesus begin het. Hy is nie meer sigbaar op aarde teenwoordig nie. Totdat Hy ons kom haal, moet ek en jy Hom sigbaar maak.
Ons doen dit wanneer ons sê wat ons by Jesus hoor en ons doen wat Jesus gedoen het.

**Afsluiting**
Hemelvaart herinner ons aan ons wenstreep. Jesus het opgevaar tot ons voordeel. Hy berei nou vir ons plek voor en Hy kom weer terug om ons te kom haal.

Tot dan gee Hy aan elkeen van ons 'n baie duidelike opdrag:
Nou moet julle my hoorbaar maak deur julle woorde – sê wat ek gesê het. Julle moet my sigbaar maak deur julle dade – doen wat ek gedoen het.
Nou moet julle, soos Ek my Vader sigbaar gemaak het, My sigbaar maak. Julle doen dit wanneer julle my liefde, vergifnis en genade sigbaar uitleef.

Julle doen dit deur die geloofswedloop elke dag te hardloop. Hardloop met volharding tot by die wenstreep wanneer die Here jou kom haal. Amen